

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT	
GRAAD		12	
DATUM		MEI/JUNIE 2026	
VAK		AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL	
VRAESTEL		3	
PUNTETOTAAL		100	
TYDSDUUR (UUR)		2½	
AANTAL BLADSYE		6	



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
 SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings.

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Lang transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Kort transaksionele teks	(20)
2. Beantwoord **EEN** vraag uit elke afdeling.
3. Begin **ELKE** afdeling op 'n **NUWE** bladsy.
4. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloediagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning **VOORDAT** jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
5. **ALLE** beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.
6. Nommer die skryfstukke volgens die nommeringstelsel soos dit op die vraestel genummer is.
7. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke **FINALE** skryfstuk neer.
8. Skryf duidelik die woorde **FINALE SKRYFSTUK** boaan die skryfstuk wat geassesseer moet word.
9. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	ongeveer 80 minute
AFDELING B:	ongeveer 40 minute
AFDELING C:	ongeveer 30 minute
10. Dui die getal woorde aan die einde van jou skryfstuk aan.
LET WEL: Die titel word **NIE** in aanmerking geneem as die woorde getel word **NIE**.
11. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel wat jy kies boaan jou skryfstuk.

- | | | |
|-----|--|------|
| 1.1 | Geld | [50] |
| 1.2 | My grootste uitdaging | [50] |
| 1.3 | Die persoon wat ek die meeste bewonder | [50] |
| 1.4 | Selfone veroorsaak dat mense alleen voel | [50] |
| 1.5 | Die dag toe ek 'n held was | [50] |

Kies een van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (1.6–1.8) en die titel van jou opstel neer.

LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6



[Bron: <https://crrhospitality.com/blog/the-rise-of-outdoor-adventure-tourism-what-it-means-for-campgrounds>]

[50]

1.7



[Bron: <https://ontdekjousef.weebly.com/selfondersoek-en-die-weg-na-sukses.html>]

[50]

1.8



[Bron: <https://www.foodiesfeed.com/free-food-photo/burger-with-melted-cheese>]

[50]

TOTAAL AFDELING A: [50]



AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies boaan jou skryfstuk neer.

2.1 INFORMELE BRIEF

Jou beste maat wil graag 'n groot tatoeëermerk van 'n draak kry, maar is onseker of hy/sy dit moet laat doen.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan jou maat en gee jou mening vir hom/haar hieroor.

[30]

2.2 INFORMELE TOESPRAAK

Fopnuus (*fake news*) is 'n groot probleem in die digitale era waarin tieners leef. Jy is gevra om in 'n informele toespraak 'n paar wenke te gee wat leerders kan help om feite van fiksie te onderskei.

Skryf die INFORMELE TOESPRAAK wat jy gaan lewer neer.

[30]

2.3 RESENSIE

Skryf 'n RESENSIE oor jou gunstelingtoepassing (*app*).

[30]

2.4 HULDEBLYK

'n Sportman het julle skool gereeld besoek, maar is skielik in 'n ongeluk oorlede. Hy het deur sport hoop en trots aan jou gemeenskap gebring. Jy is gevra om namens jou skool erkenning aan hom te gee.

Skryf 'n HULDEBLYK vir hom.

[30]

TOTAAL AFDELING B: [30]



AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies bo-aan jou skryfstuk neer.

3.1 PLAKKAAT

Jy wil graad 8-leerders help met ekstra wiskundeklasse sodat jy sakgeld kan verdien.

Ontwerp 'n PLAKKAAT om jou dienste te adverteer.

[20]

3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS

Jy oefen 'n ruk lank om kar te bestuur. Jy gaan môre jou bestuurslisensietoets aflê. Skryf TWEE inskrywings in jou dagboek:

- Die aand VOOR jou bestuurslisensietoets
- Die dag NÁ jou bestuurslisensietoets

Skryf hierdie DAGBOEKINSKRYWINGS neer.

[20]

3.3 RIGTINGAANWYSINGS

Jy het onlangs by 'n nuwe restaurant in die area gaan eet en dit baie geniet. Jou vriend/vriendin vra vir jou om vir hom/haar te verduidelik hoe om vanaf sy/haar huis na die nuwe eetplek toe te gaan.

Skryf die RIGTINGAANWYSINGS puntsgewys, onder mekaar en in volsinne neer.

[20]

TOTAAL AFDELING C: [20]

GROOTTOTAAL: [100]